COMMUNITY SERVICE POLICY

SPORT BELEID

MUNISIPALITEIT
RICHTERSVELD
MUNICIPALITY

RICHTERSVELD MUNISIPALITEIT

SPORTBELEID

1. DOEL/VISIE

- Die vestiging en verdere ontwikkeling van sportfasiliteite en sportstrukture vir alle inwoners in die regsgebied van Richtersveld Munisipaliteit ongeas ras, geslag, ouderdom of status.
- Om sportgeriewe effektief en volhoubaar te benut deur die georganiseerde en doeltreffende bestuur.
- Om die sportgemeenskap betrokke te kry en om georganiseerde sport te gebruik om sportgeriewe namens die Munisipaliteit bestuur en te beheer tot voordeel van die gemeenskap van Richtersveld en die Munisipaliteit.
- Om beskikbare hulpbronne aan te wend en te gebruik tot voordeel van sport as geheel en om sodanige geriewe, geboue, toerusting aan te wend vir toepaslike sportkodes en met die nodige hulp van die sportforums te sord dat dit in stand gehou word.

2. SPORTFORUMS

- Dit is die wens van die Raad dat daar vir elke dorp of wyk 'n Sportforum saamgestel word uit verteenwoordigende sportsklubs/sportkodes van die betrokke dorp of wyk.
- Waar daar meer as een dorp of woonbuurt per wyk is, wat geografies 'n aparte sportforum regverdig behoort die geleentheid ook gebied te word vir die samestelling van die sportforum
- Die Sportforums sal bestaan uit een afgevaardigde en een sekundi wat deur die deelnemende sportkodes/sportklubs afgevaardig word om hulle te verteenwoordig op die sportforum.
- Van elke sportklub.kode wat gebruik maak van Richtersveld Munisipaliteit se geriewe , sal verwag word om jaarliks voor 31 Januarie sy afgevaardigde op die voorgeskrewe vorm daarvan in kennis stel.
- 'n Afvaardigde van 'n sportklub moet 'n ingeskrewe en volopbetaalde lid van die sportklub wees.

- In gebied waar daar net een sportkode aktief is, sal die onderskeie sportklub elk 'n afgevardigdes vir die sportforum aanwys, en sal die sportforum dus uit afvaardigdes van die deelnemende klubs bestaan.
- In die gebiede waar daar net een sportklub van die spesifieke sportkode opereer sal die sportklub alleen sy afgevaardigde op die sportforum aanwys.

3. PLIGTE EN FUNKSIES VAN DIE SPORTFORUM

- Onderskeie sportkodes sal self onder mekaar 'n vergadering bele om hulle afvaardigde verkies.
- Sportklubs/kodes wat van hulle eie geriewe gebruik maak, en geensins die munisipaliteit se geriewe gebruik nie, mag skriftelik aansoek doen om verteenwoordig te word op die Sportforum, en wanneer toestemming verleen is, sy afgevaardigde en sekudi verkies, waarna die Munisipaliteit en sportforums dienooreenkomstig ingelig sal word op voorgeskrewe vorm.
- Om oor alle aangeleenthede in geskil te beslis wat skriftelik deur sportkodes aan die Sportforum voorgele mag word
- Om alle sportvelde en geriewe van Richtersveld Munisipaliteit wat deur die Sportkodes gebruik word doeltreffend en volhoubaar te bestuur en beheer daaroor toe te pas.
- Om velde en geriewe aan sportkodes en individue beskikbaar te stel, teen 'n tarief soos deur die Munisipaliteit bepaal.
- Om tug en discipline op sportkodes van wie lede hulle wangedra, uit te oefen.
- Die reg van toegang by sport en ontspanningsgeriewe toe te pas, in samewerking met deelnemende sportklubs/kodes
- Die onderskeie Wyksraadslede sal vergadering van sportforums bywoon, ten einde die Munisipaliteit se politieke beleid en seining oor te dra aan sportforums.
- Die onderskeie Wyksraadslede sal vergadering van sportforums bywoon, ten einde die Munisipaliteit se politieke beleid en seining oor te dra aan sportforums.
- Raadslede en amptenare van die Munisipaliteit (belas met sport-en verwante aangeleendhede) sal die onderskeie sportforums bystaan, en sal dus ook vergadering mag bywoon maar sonder die mag om te stem.

RICHTERSVELD MUNICIPALITY

SPORT BELEID

TASK JOB EVALUATION POLICY

TASK JOB EVALUATION POLICY

Approved Date: 31 MAY 2023	**Council Resolution Nr: RVM015/05/2023**
Effective Date: 01 JULY 2023	**Review Date: 30 JUNE 2024**

Notwithstanding the review date herein, this policy shall remain effective until such time approved otherwise by Council and may be reviewed on an earlier date if necessary.

Why have a policy?

The purpose of this policy is to provide a standard for Task Job Evaluations for all employees.